

25 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 6:25-34

Fokusgedeelte: Matteus 6:31, 32

Die sorg van die lewe

Het u dit ook al gehoor: "Ek bekommer my siek ..."? Waaroor bekommer mense hulle nie alles nie – oor die toekoms, oor kinders, oor gesondheid, oor die sukses van ondernemings en noem maar op! Sulke oormatige bekommernisse kan 'n mens regtig fisies siek maak.

In die gedeelte wat ons gelees het, gebruik die Here Jesus minstens ses keer die begrip "bekommer" in die een of ander vorm. Inderdaad is dit iets alledaags. Tog is die opdrag van die Here Jesus drie keer baie duidelik en reguit: Moenie! Waarom?

- Omdat 'n mens jou meestal bekommer oor lewensmiddele soos kos en oor lewenstandaarde soos klere. Is dit dan vir jou die belangrikste in jou lewe?
- Omdat dit 'n mors van tyd en krag is om jou te bekommer oor dinge waaraan jy niks kan doen nie.
- Omdat bekommernis in wese eintlik wantroue in God is wat alles in sy hand het en vir jou ten beste beskik.

Dit beteken natuurlik nie dat 'n mens maar traak-my-nie-agtig en onverantwoordelik kan leef nie. Maar as jy jou dan regtig wil bekommer oor iets, bekommer jou dan oor jou sonde, soos ons in Psalm 38:19 van Dawid lees. En die Bybel weet goeie raad daarmee: Bely jou sonde voor die Here en laat dit staan, dan sal jy genade vind (Spr. 28:13). Dis so gerusstellend om te leef uit die wete dat ons hemelse Vader wat alles weet, alles kan doen en alles wil doen vir sy kinders, vir ons sorg en ons in sy liefde koester. Onthou: die wilde voëls en die veldlelies het nie plooi van bekommernis nie.

Skep weer moed uit die treffende woorde van die Here Jesus wat Petrus later aanhaal in 1 Petrus 5:7 – "Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle."

Sing: Skrifberyming 17-1:1, 6

Ds. Arnold H Mulder (Emeritus)